



Vak: Graad 4 Sosiale Wetenskappe (Geografie)

Onderwerp: Sosiale Wetenskappe (Geografie): Kwartaal 2 - Eksamen 1

Totaal: 78 Punte

1. waar 2 punte

Verduideliking:

Die wurm is bo die padda. Die rigting is **noord**.

2. oos | O | oos. | Oos 3 punte

Verduideliking:

Die haas moet regs beweeg om by die skilpad uit te kom. Die rigting is **oos**.

3. B: Richardsbaai en Port Shepstone 4 punte

Verduideliking:

Durban, Pietermaritzburg en Ladismith word ook in KwaZulu-Natal gevind.

Bethlehem is 'n dorp in die Oos-Vrystaat.

Standerton is 'n dorp in die suide van Mpumalanga.

4. D: Mafikeng 4 punte

Verduideliking:

Mafikeng is in die Noordwes Provinsie geleë en lê byna op die grens tussen Suid-Afrika en Botswana.

5. D: dorpie 3 punte

Verduideliking:

'n **Dorpie** bestaan uit groepe hutte of huise.

6. Sollie 3 punte

Verduideliking:

Sollie bly in 'n dorpie. 'n Dorpie word in 'n landelike gebied gevind. Meeste mense wat in 'n dorpie woon moet ver afstande loop om by plekke uit te kom.

7. rond 3 punte

Verduideliking:

'n Aardbol help ons om die vorm van die land beter raak te sien as 'n kaart, want dit is dieselfde vorm as die Aarde.



8. kraan | bron

4 punte

Verduideliking:

Sommige mense kan nie net 'n kraan oopdraai om water te bekom nie, maar moet water by 'n bron gaan haal om hierdie behoefte te voldoen. 'n Voorbeeld van hierdie waterbron kan 'n openbare kraan of 'n waterput wees.

9. Indiese | Indiese Oseaan

3 punte

Verduideliking:

Die Indiese Oseaan is langs die Ooskus van Suid-Afrika geleë.

10. voetpaadjie | voetpad

2 punte

Verduideliking:

Dit word gemaak deur mense wat oor en oor op dieselfde gebied stap.

11. waar

2 punte

Verduideliking:

As jy na die kaart kyk sal jy sien dat die biblioteek wel op die hoek van Hoofstraat en Middeweg is.

12. C: Boomstraat

4 punte

Verduideliking:

Die poskantoor is in **Boomstraat**, tussen die parkeerarea en die polisiestasie.

13. A: Bo-straat

4 punte

Verduideliking:

Bo-straat het 12 huise, wat meer is as enige van die ander strate.

14. vier | 4

3 punte

Verduideliking:

Daar is **drie** huise in Prima-straat oorkant die park en **een** langs die kerk.

15. koei | muis | haas

6 punte

Verduideliking:

Die **koei** (A3) eet gras, die **muis** (B2) eet kaas en die **haas** (D5) eet 'n wortel.



16. B5

3 punte

Verduideliking:

Sit jou vinger op die kat. Beweeg jou vinger **links** om die letter te bepaal.
Sit jou vinger **weer** op die kat. Beweeg jou vinger **op** om die syfer te bepaal.
Sit die letter en die syfer langs mekaar om die **ruitverwysing** te kry.

Die dier wat slaap (die kat) is in blok **B5**.

17. behandeling | behoefte

4 punte

Verduideliking:

'n Kliniek is 'n plek waar mense mediese hulp en medisyne van dokters en verpleegsters kry.

18. sand | teer

4 punte

Verduideliking:

A voetpaadjie word gewoonlik van sand gemaak, tensy dit 'n sypaadjie is, wat van teer of plaveisel gemaak is.

19. C: kantoorblokke

4 punte

Verduideliking:

Kantoorwerkers werk binne **kantore** soos hierdie.

20. reguit | bank | links

6 punte

Verduideliking:

Gebruik die sleutelblok aan die kant van die kaart om te verstaan wat die verskillende simbole beteken. Die banknoot dui byvoorbeeld die ligging van die bank aan. Al die straatname verskyn op die kaart.

21. water

3 punte

Verduideliking:

Water is 'n **basiese behoefte**. Alle Suid-Afrikaners moet die reg hê om skoon water te kry.

22. onwaar

2 punte

Verduideliking:

Daar is slegs een Pasifiese Oseaan, maar wanneer die wêreld op 'n plat kaart voorgestel word, is een deel van die Pasifiese Oseaan op die een kant van die kaart en die ander deel op die ander kant.

23. onwaar

2 punte

Verduideliking:

Hierdie is 'n stedelike gebied. Daar is baie huise, winkels, skole, kerke, fabriek en ander geboue in hierdie stad.



